

# SAWA Oos-Kaap



## Liewe Sawanante

So is ons die hartjie van die winter. Die wintertoer lede is veilig terug en reg vir die volgende kamp.

Dit is met hartseer wat ek jule inlig dat hierdie my laaste kamp kennisgewing as bestuurslid is wat ek uitstuur.

Daar is 'n tyd om te kom en 'n tyd om te gaan. Na 5 jaar op die bestuur is my tyd vir eers verby. Die kinders word ouer en saam dit kom meer naweek verpligtinge wat ons kamptyd baie inkort op die oomblik. Hartlik dankie aan elkeen wat my bygestaan en geondersteun het gedurende die 5 jaar.

### Willows: 13 – 15 Julie:

Die tarief vir die naweek beloop R135.00 per nag vir 'n gesin van maksimum 4 mense. Indien daar meer as 4 persone per woonwa is, is dit R 80.00 per persoon per nag ekstra.

Ds. Rudi gaan deelneem aan die park run en nooi almal uit wat hom wil vergesel om hom te kontak.

Lede wat voor die tyd wil uitgaan of dalk langer wil bly moet asseblief voor of op 6de Julie hul bestuurslid in kennis stel!

### Sitrusoewer: 9 – 12 Augustus:

Hierdie kamp is seker die hoogte punt op SAWA se jaar kalender.

Tariewe is as volg: R180.00 vir 4 mense per nag en R 40.00 per persoon per nag ekstra.

**LEDE MOET ASSEBLIEF @ 1/08/2018 BEVESTIG OF HUL DIE KAMP GAAN BYWOON. ONS MOET FINALE GETALLE VIR KOS BESTELLING KRY.**

Soos elke jaar beplan ons 'n heerlike ete vir die Saterdag aand. Die ete sluit I lasagne met slaai en 'n broodrolletjie. Die hoofgereg word opgevolg met 'n sappige malva poeding en vla vir nagereg.

Vir ons lede kos dit R30.00 per persoon en nie lede R50.00 per persoon.

Meer inligting aangaande vir jaarlikse vergadering sal nader aan die tyd aan elkeen deurgegee word.

### **Baie belangrik vir al ons huidige en toekomstige besprekings:**

Ons kort asb. die nodige getalle om met die oorde te reël. Hulle het gevra dat ons die oortollige staanplekke aan hulle bevestig dat hulle dit kan uitboek vir buite persone. Indien 'n lid bevestig dat hy/sy kom en nie opdaag nie, sal hy/sy nog steeds die oord se kostes moet dra.

### **Noodhulp tydens saamtrekke:**

Hierdie is 'n baie belangrike aangeleentheid. Ons vra dat mense na vore sal kom wat noodhulp het. Sê asb. Vrydag aand by Boekevat of u opgelei is en vir ons kan help gedurende die naweek. Dan weet die lede waar hulle kan gaan vir hulp indien daar 'n krisis oor die naweek is. Ons het 'n goeie noodhulpsak aangekoop vir gebruik. Dit is by die kampeiers van die naweek beskikbaar.

### **Wapad en Webwerf:**

Stuur asb. u nuus/foto's vir Clarise Steenkamp vir die Wapad en Webwerf en kyk gerus na Facebook vir nuwe inligting.

Epos: [clarise.steenkamp@gmail.com](mailto:clarise.steenkamp@gmail.com)

Baie van ons kinders ontvang die tyd van die jaar groot pryse en erkenning op baie gebiede, stuur asseblief sodat ons almal jul trots kan deel!

Die Wapad word per e-pos gestuur, maar as u nog 'n harde kopie wil ontvang, moet u dadelik vir Clarise of jou bestuurslid laat weet.

### **Ledegeld:**

U moet groot asseblief u ledegeld betyds in Nasionaal se bankrekening inbetaal. Kyk watter maand u aangesluit het en handel dit dan af. Aansluiting en eerstejaar se ledegeld moet kontant betaal word. Kontak asb. die betrokke kampeiers in die verband. Debietorders sal eers van jaar twee af in werking tree en ons moedig dit graag aan. Dit vergemaklik die taak baie en u het nie weer probleme nie. Eenmalige aansluitingsfooi van R120 is betaalbaar.

Ledegeld word vanaf 1 Desember 2017 verhoog met R10.

Lede jonger as 60 jaar:      Kontant of EFT R350 en Debietorder R340  
Seniorburgers:              Kontant of EFT R340 en Debietorder R330

Debietorders is R10 minder by elke groep.

### **Bedryfsfonds:**

Die bedryfsfonds vir die nuwe jaar is nou ook betaalbaar. Dit is slegs R150 per jaar en vir Senior Burgers R120 per jaar. Dit sal waardeer word indien u dit binne drie maande na u aansluitings maand kan inbetaal in Oos Kaap se rekening of by die kampleiers.

### **SAWA Kentekens:**

Indien u belangstel in 'n nuwe kenteken vir u woonwa, kan u by Richard een aankoop. Dit is egter baie belangrik dat wanneer u, u woonwa verkoop, MOET U DIE SAWA KENTEKEN EN SNOR AFHAAL

**SAWA Oos Kaap Bestuur.**